



Vak: Graad 5 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal
2 - Eksamen 1
Totaal: 93 Punte

Naam: _____
Datum: _____

Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die vrouens het (1) gebruik om wortels van plante uit te grawe wat hulle dan geëet het. Een wortel kon maklik (2) minute gevat het om op te grawe.

Opsies Is: spit stokke | stokgrawe | tien | twintig

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 2, 3

Die rolle van mans, vrouens, seuns en dogters

Uitgebreide families het 'n belangrike deel van die gemeenskap gevorm in daardie tyd. Mense het nie so baie rondgetrek nie; families was groot en kinders se ouers, tannies, ooms en grootouers het almal bymekaar gebly. Gevolglik was die werksverdeling baie duidelik.

Mans se werk was om na die vee te kyk, asook om hulle families teen wilde diere en rowers te beskerm. Mans was vaardig met houtwerk en ysterwerk en het gereedskap van yster gemaak. Hulle was ook vaardige jagters en het assegaai en knopkieries gebruik om te jag. Die mans was ook verantwoordelik om landerye voor te berei vir die plant van nuwe saailinge. Die mans het huise gebou en het deelgeneem in politieke en publieke aangeleenthede.

Die seuns het hul pa's met die vee gehelp en om hutte te bou. Hulle het geleer om te veg deur speletjies soos stok-geveg te speel. Seuns moes inisiasie ondergaan voordat hulle volwassenes geword het. Tydens inisiasie moes hulle alleen in die veld oorleef vir 3 tot 4 maande.

Vrouens was besonder goed met weefwerk, wat bv. in die maak van mandjies gebruik is. Hulle moes ook die landerye versorg wat die families beplant het. Vrouens moes sorg dat daar altyd water en vuurmaakhout was. Hulle het ook eetbare plante gaan versamel, soos bessies, wilde vrugte, kruie en blare van struik. Hulle het bier gemaak van die maroela-vrug. Dit was die vrouens wat gekook het en na die kinders gekyk het. Vrouens het ook potte van klei gemaak wat vir kook en die stoor van kosse gebruik was.

Dogters het hul ma's gehelp met werkies in en om die huis. Hulle moes inisiasie vir 'n week lank ondergaan op die ouderdom van 13 jaar. Gedurende hierdie inisiasie was die dogters apart van die res van die familie gehou.

<http://e-classroom.co.za/wp-content/uploads/2014/04/EngGr5T2-SS-History-Learner-Book.pdf>

Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Beide seuns en dogters moes inisiasie ondergaan.

Seuns was van die familie afgesonder vir (1) en dogters vir (2) .

Opsies is: een maand | drie tot vier weke | drie tot vier maande | een week

1		2	
----------	--	----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 3



{{Information |Description={{en|1=A simple Knobkerrie}} |Source=Own work by uploader |Author=NJR ZA |Date=2008-11-26 |Permission= |other_versions= }} <!--{{ImageUpload|full}}-->
Category:Knobkerries

Vraag 3: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat word die wapen in die prent genoem, wat vir jag en beskerming gebruik was?

Antwoord met EEN woord.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 4, 5



Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat verteenwoordig nommer 5 op Suid-Afrika se landswapen?

Antwoord: een of twee woorde

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Nommer 6 in die benoemde grafiese weergawe van Suid-Afrika se Landswapen verteenwoordig die

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6



Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die **eerste boere** het na **suidelike Afrika** gereis op soek na ... vir hul **oeste** en hul **vee**.

Voltooi die sin met **EEN woord**.

Vraag 7: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vrouens het hulle potte van ... gemaak.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 8, 9

Ongeveer 2000 jaar gelede het baie graanboere uit Oos- en Sentraal-Afrika verhuis na wat ons nou suidelike Afrika noem. Die nuwe boere het baie verskillende vaardighede, soos gewasboerdery saamgebring. Hulle het geglo dat die land gebruik moet word om voedsel te plant. Hierdie boere het drie verskillende roetes gevolg:

- Sommige het na Namibië gereis en is vandag die Herero- en Ovambo-mense.
- Die Nguni-sprekende mense het na die ooskus van Suid-Afrika getrek en is vandag die Xhosa-, Zoeloe- en Sotho-bevolking.
- Sommige het suid na die binneland getrek (Gauteng, Vrystaat, Limpopo en Noordwes) en staan vandag bekend as die Sotho-mense

Vertaal uit: EngGr5T2-SS-History-Learner-Book.pdf, 2014

Vraag 8: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die **eerste boere** het **uit Oos- en Sentraal-Afrika getrek** en hulle gaan vestig in (1), (2) en (3) .

(Gee jou antwoorde in **alfabetiese volgorde**.)

Opsies is: Namibië | Zimbabwe | gebiede langs die weskus | gebiede langs die ooskus | die suidelike binneland | die noordelike binneland

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 9: Waar/Onwaar

2 punte

Die **graanboere** uit **Oos- en Sentraal-Afrika** het in die jaar 2000 in **suidelike Afrika** aangekom.

WAAR

ONWAAR

Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte

Die Khoikhoi was vir lank as "Boesmans" bekend.

WAAR

ONWAAR



Vraag 11: Waar/Onwaar

2 punte

Die San het geglo dat diere minder belangrik is as mense.

WAAR**ONWAAR****Vraag 12: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Die koning het sy ... met die mense in die dorp gedeel as die ooste min was.

Vraag 13: Waar/Onwaar

2 punte

Elande se bloed was dikwels gebruik om die verf, wat in die rotstekeninge gebruik is, saam te bind.

WAAR**ONWAAR****Vraag 14: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Die Khoikhoi het ... (diere wat hulle aangehou het) met beskerming geassosieer.

Gebruik slegs **een woord** om die vraag te beantwoord.

Vraag 15: Veelvuldige Keuse

4 punte

Mense wat medisyne van plante maak, word. genoem.

- | | |
|----------|-------------|
| A | inyangas |
| B | sangomas |
| C | toordokters |
| D | botaniste |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 16



http://colife3.blogspot.co.za/2014/12/blog-post_7.html, December 2014

Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Boere het **skuilings** gemaak van

- | | |
|----------|------------------------|
| A | klippe en gras |
| B | klippe, hout en gras |
| C | klippe en hout |
| D | bakstene, hout en gras |

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die San het dikwels die koppe op die rotskuns hierdie kleur gevef. Nietemin, dit verbleik vinniger as ander kleure en het daarom oor die eeue verdwyn.

- | | |
|----------|-------|
| A | bruin |
| B | swart |
| C | wit |
| D | rooi |

Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

Daar was sekere reëls in verband met werk en rykdom. Dit was bekend as... sake.

- | | |
|----------|------------|
| A | ekonomiese |
| B | inisasie |
| C | politieke |
| D | wettige |
-

Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die San het geglo dat medisyn mense of (1) die geeste van hul voorouers kon kontak. Dit het gebeur tydens die (2) dans.

Opsies Is: sjamaans | sangomas | reë n | beswymings

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Koper en yster, wat gebruik was om gereedskap en wapens te maak, is uit die grond gehaal.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Die Khoikhoi was hoofsaaklik herders, maar het ook deur jag en versameling kos verkry.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------



Vraag 22: Veelvuldige Keuse

4 punte

'n Jong man kon net getrou het as hy reeds ... het.

- | | |
|----------|-----------------------------|
| A | 'n dier gejag |
| B | 'n hut gebou |
| C | plante geplant |
| D | klere van dierevelle gemaak |

Vraag 23: Waar/Onwaar

2 punte

Die San was jagter-versamelaars wat alles geëet het wat hulle gevang of bymekaar gemaak het.

- | | |
|-------------|---------------|
| WAAR | ONWAAR |
|-------------|---------------|

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 24, 25**Die gebruik van die land**

Om te kan boer, het jy grond nodig. Grond het aan die gemeenskap behoort, maar individue het die reg gehad om dit te gebruik. Die stamhoof het as hoof van die gemeenskap die grond uitgegee en teruggeneem, alhoewel hy gewoonlik eers advies van sy hoofmanne ontvang het voordat hy dit gedoen het. Almal het die reg op grond gehad, maar sommige mense het meer grond of beter grond as ander mense gehad.

Vertaal uit: <http://www.sahistory.org.za/archive/african-farmers-southern-africa>

Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die ... het die **land** in 'n gemeenskap **beheer**.

--

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

Die **stamhoof** het **nie al die belangrike besluite** rakende die grond **op sy eie geneem nie**.

- | | |
|-------------|---------------|
| WAAR | ONWAAR |
|-------------|---------------|



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 26




Vraag 26: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die lyn in die Linton Paneel wys die krag van die

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 27



Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die Khoikhoi se basiese behuisingstruktuur was 'n ronde hut wat van (1) , wat in die grond geplant is, gemaak is. Hulle het dan (2) gebruik om die raamwerk te bedek.

Opsies Is: groen takke | rietmatte | bruin takke | dierevelle | komberse

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die land wat die eerste boere bewoon het, was alreeds beset deur die (1) en die (2) .

(Gee die antwoorde in alfabetiese volgorde.)

Opsies Is: Britse Setlaars | Khoikhoi herders | Boere | San

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 29: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hierdie mense het 'n spesiale studie van die San se rotskuns gemaak.

- | | |
|----------|------------|
| A | argeoloë |
| B | sjamaans |
| C | kaggen |
| D | ingenieurs |

Totaal: 93 Punte